

Die oplossing vir die BOEREVOLK



Daar word baie gepraat oor die Volksregister.

Wat behels dit en wat is die doel daarvan?

Gaan dit enigsins bydra tot die verkryging van VRYHEID vir die BOEREVOLK ?

Agtergrond:

* In 2005 is daar met die Webblad Boerevryheid (BV) of die Plaaswerf begin.

* In 2006 is daar n bosberaad van Volksgenote belê wat sekere besluite geneem het wat vir die toekoms en die bestaansreg van die Boerevolk, van kardinale belang is.

* Tydens die Bosberaad is daar in diepte besin oor die stappe wat nodig is om by vryheid uit te kom.

Daar is besluit dat die volgende fundamente (voorvereistes) in plek moet kom, alvorens enige poging aangewend word om by vryheid uit te kom:

1. Daar moet n duidelik definieerbare VOLK bestaan

2. Die Volk moet in n magsbasis saamgevoeg word.

3. Die magsbasis moet n permanente, volhoubare en demonstreerbare struktuur hê.

4. Daar moet n wettig en aanvaarbare leierstruktuur tot stand kom

Eers daarna kan stappe geneem word om vir vryheid te beding.

Tydens die Bosberaad is daar twee strukture tot stand gebring wat hierdie doelwitte moes verwesentlik.

- Daar is beslag aan die Boerevolk Vryheidstigting (BVS), as die sentrale organisasie wat die vryheidstrewes van die Boerevolk moet dryf, gegee.

- Daar het ook n Boerevolk Verkiesingskommissie (BVK) tot stand gekom. Hierdie BVK se opdrag was om die Boerevolk op so n wyse bymekaar te maak op n Volksregister, dat daar leiers aangewys kan word.

- Die BVK het op die Walaer stelsel, (gegrond op Exodus 18:19-21) besluit.

Nadat die eerste Walaers tot stand gebring is en die eerste BVR aangewys is (op 9 Desember 2006), het die BVK onverpoosd gepoog om sagteware tot stand te bring, om hierdie funksionaliteite te verwesentlik.

Ongelukkig is daar telkens vasgeval in die kompleksiteit van die databasis en het meer as een persoon handdoek ingegooi langs die pad.

In 2009 is met n rekenaarfirma, met n hernude poging begin en is daar sedertdien volhoudend aan die sagteware gewerk.

Huidige stand van sake:

Die "INVOERBEEN" waar persone kan registreer en die Volksgenote se persoonlike inligting, op n databasis vasgelê word, is reeds verlede jaar voltooi en die registrasievorm kan HIER gevind word. Dit werk reeds vir die afgelope jaar 100%.

Daar was egter nog baie funksionaliteite om die databasis aan te wend, wat tekort geskiet het. Daar is reeds ongeveer R400 000, in die projek geïnvesteer. Daar is letterlik ure en dae en maande se tyd hieraan gewy.

Op hierdie oomblik (vanaf Saterdag-19 Februarie2011), is ons besig om die beta-weergawe te toets. Finale aanpassings, goggas en haakplekke word sistematies uitgeskakel en daar word baie goed gevorder.

Ons beplan om binne die volgende twee weke die toetsfase afgehandel te hê, waarna die program voluit sal begin funksioneer.

Wat is die doel van n VOLKSREGISTER?

As mens sou terugkyk na Volksorganisasies wat in die verlede gepoog het om die Volk bymekaar te bring, het almal langs die pad misluk, momentum verloor, of van die toneel verdwyn. Die rede(s) hiervoor was nie dat die entoesiasme, die finansies, die planne of selfs die mannekrag ontbreek het nie, maar die feit dat daar geen "Voertuig" bestaan het, waarmee die struktuur volhoubaar kon bly voortbestaan nie.

Ek beweer vandag dat die Volksregister, soos dit ontwerp is, so n voertuig is en dat dit die weg baan vir die verkryging van VRYHEID vir die Boerevolk.

Wat behels die Volksregister en watter funksionaliteite maak dit uniek?

1. Groepe word outomaties geografies ingedeel.
2. Leiers word per Internetverkiesings aangewys.
3. Sekuriteit gelykstaande aan Bankdienste
4. Individue slegs toegang tot eie data.
5. Leiers toegang tot kontakbesonderhede van eie groep
6. SMS waarskuwingstelsel per groep beskikbaar.

7. Kontak met ELKE lid van die Boerevolk

8. Leiers piramidaal verkies totdat die Boerevolk Verteenwoordigende Raad tot stand kom.

9. n VOLLEDIGE UITEENSETTING kan op die forum gelees word.

Opsomming:

- Beskou dus die Volksregister as die (op die oomblik die ENIGSTE) oplossing om die Boerevolk as n VOLK sigbaar, demonstreerbaar en volhoubaar saam te voeg.
- Dmv die Volksregister orden ons die Volk oor landsgrense, d.w.s. regoor die wêreld heen, in n eenheid en in funksionele groepe.
- Dmv die Volksregister, word wettig verkose LEIERS, uit die volk en deur die volk aangewys.
- Dmv die Volksregister kan daar met die druk van n knoppie met die hele Boerevolk, deur hul onderskeie leiers, gekommunikeer word.
- Die sukses van die onderneming hang van JOU deelname af.